

## WARNINGS

Allow the following number of days to elapse between last application and harvest:

ALMONDS	60 days
POME FRUIT	74 days
STONE FRUIT	2 days

**NOTE:** Compliance to application guidelines and these withholding periods will ensure that residues do not exceed local Maximum Residue Limits, but the import tolerances of other countries might possibly be exceeded. If the crop to be treated is intended for export, consult the relevant importer or exporting body regarding the use of this product, Maximum Residue Limits and recommended withholding periods.

- Harmful if swallowed.
- Toxic to aquatic organisms.
- Store in a cool dry place.
- Store away from food and feed.
- Keep out of reach of children, uninformed persons and animals.
- **Re-entry:** Do not enter treated area until spray deposit has dried unless wearing protective clothing.

**Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not guarantee that it will be effective under all conditions. The activity and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the pathogen against the remedy, as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal, or for lack of performance of the remedy concerned due to failure by the user to follow the label instructions, or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.**

## PRECAUTIONS

- Do not inhale the dust or spray mist.
- Avoid skin contact.
- Wash with soap and water after use.
- Wash contaminated clothing after use.
- Do not eat, drink or smoke while mixing or applying the product or before washing hands and face.
- Avoid drift of spray onto other crops, pastures, rivers, dams and areas not under treatment.
- Clean applicator after use. Dispose of rinsate where it will not contaminate crops, pastures, rivers, dams, and boreholes.
- Triple rinse to ensure container is completely empty before disposal. Invert the practically empty container over the spray or mixing tank and allow to drain for at least 30 seconds after the flow has slowed down to a drip. Thereafter rinse the container three times with a volume of water equal to a minimum of 10% of that of the container. Add the rinsing mixture to the contents of the spray tank before destroying the container.
- Prevent contamination of food, feed, drinking water and eating utensils.
- Destroy empty container and do not use it for any other purpose.

## RESISTANCE MANAGEMENT

For resistance management, **JOURNEY 500 WG** is a group code 9 fungicide. Any fungus population may contain individuals naturally resistant to **JOURNEY 500 WG** and other group code 9 fungicides. The resistant individuals can eventually dominate the fungus population if these fungicides are used repeatedly and exclusively in programs. These resistant fungi may not be controlled by **JOURNEY 500 WG** or any other group code 9 fungicides.

### To delay fungicide resistance:

- Avoid exclusive repeated use of fungicides from the same fungicide group code. Alternate or tank mix with appropriately registered products from different fungicide group codes.
- Refer to individual product labels when alternating, or when using tank mixtures with such products.
- Integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into disease control programs.
- To control apple scab (*Venturia inaequalis*), analinopyrimidine (AP) products may be used on their own to a maximum of four times per season.



# JOURNEY 500 WG

Reg. No.: L 10869 Act /Wet No. 36 of/van 1947

A water dispersible granular fungicide for control of fungal diseases in crops as indicated.

in Waterdispergeerbare korrel swamdoder vir die beheer van swamsiektes in gewasse soos aangedui.

<b>FUNGICIDE GROUP CODE:</b>	<b>9</b>	<b>SWAMDODERGROEPKODE:</b>
------------------------------	----------	----------------------------

## ACTIVE INGREDIENT/AKTIEWE BESTANDDEEL:

cyprodinil (analinopyrimidine).....500 g/kg.....siprodinil (analiënpirimidien)

Manufacture Date:  
Vervaardigingsdatum:

Batch No.:  
Lotnommer:

**CONTENTS/ INHOUD**

**SEE ENCLOSED LEAFLET FOR FULL PARTICULARS  
SIEN INGESLOTE VOUBILJET VIR VOLLE BESONDERHEDE**

**REGISTRATION HOLDER/REGISTRASIEHOUER:**

**Farm-Ag International (Pty) Ltd**

Reg. No.: 2005/011761/07

61 Marshall Drive, Old Mill Industrial Park, Mount Edgecombe, South Africa, 4000 • Tel. (031) 003-3486

UN No.: 3077



- Curative applications must always be made in conjunction with reliable scab warning systems.
- Focus the application of **JOURNEY 500 WG** to the early season with prevailing cool temperatures where it will be most effective.

For specific information on resistance management contact the registration holder of this product.

## PRODUCT PROPERTIES

**JOURNEY 500 WG** is a fungicide with translaminar and systemic properties. **JOURNEY 500 WG** translocates upwards (acropetally) with no downward (basipetal) movement in the plant.

**DIRECTIONS FOR USE** Use only as directed

## COMPATIBILITY

The compatibility of **JOURNEY 500 WG** with other products for use in tank mixtures may be influenced by the formulation of the products involved as well as the quality of the dilution water. Since the formulation of other products may change without the knowledge of the manufacturer and the quality of water may vary from farm to farm, a physical compatibility test should always be carried out prior to application.

**Note:** Do not apply **JOURNEY 500 WG** in combination with mancozeb in a tank mixture for the curative control of apple scab.

## MIXING INSTRUCTIONS

If **JOURNEY 500 WG** is tank mixed with other products, add the products to the water in the spray tank in the following order: 1st **JOURNEY 500 WG**, 2nd mixing partners. Ensure **JOURNEY 500 WG** is fully dispersed before introducing the partner products. If mixing partners are packed in water soluble bags, first add the water soluble bags to the spray tank and then **JOURNEY 500 WG**.

### Mist blower and air assisted sprayers

- Fill the spray tank to one third full with water.
- Agitate continuously throughout mixing and application of spray mixture.
- Do not prepare **JOURNEY 500 WG** as slurry in a bucket.
- Remove filter at top of tank. Pour the required quantity of product directly into the tank in the order as mentioned above.
- Fill the spray tank with the required volume of water, maintain agitation at all times during mixing and also whilst applying the spray mixture.

## APPLICATION TIMING

- **JOURNEY 500 WG** should be applied as the first application in a preventive programme.
- Commence **JOURNEY 500 WG** applications at green tip and apply at 7 day intervals until the end of flowering.
- Continue to apply a preventive programme after flowering using an alternative fungicide such as mancozeb or captab (residual contact).
- Where contact fungicides are applied it may be advantageous to apply a suitable DMI (EBI) fungicide after an infection period as recommended.

## APPLICATION RATE

CROP / DISEASE	DOSAGE	REMARKS:
<b>ALMONDS</b> <b>Brown rot blossom blight</b> <i>(Monilinia spp.)</i>  <b>Suppression:</b> Green fruit rot <i>(Botrytis cinerea)</i>	350 - 700 g/ha	Apply <b>JOURNEY 500 WG</b> at 5 to 10% bloom. Applications may need to be repeated at 50 to 100% bloom and at petal fall. For green fruit rot, apply <b>JOURNEY 500 WG</b> at full bloom. Suppression for green fruit rot indicates only variable control can be achieved. For broad spectrum disease control in tank mixture, apply <b>JOURNEY 500 WG</b> at a minimum rate of 370 ml/ha in tank mixture with other fungicides registered on almonds. An appropriate water volume that will ensure good coverage is essential for effective disease control. DO NOT apply more than 2100 g/ha per plot of land per year.
<b>POME FRUIT</b> <b>Scab</b> <i>(Venturia inaequalis)</i>  <b>Powdery mildew</b> <i>(Podosphaera leucotricha)</i>  <b>Dry eye rot</b> <i>(Botrytis spp.)</i>	30 g / 100 ℓ water	Apply as a preventive treatment from green tip at 7 day intervals to end of blossom. <b>Do not</b> apply after blossom. Curative control of apple scab: (See compatibility) <b>JOURNEY 500 WG</b> has excellent curative properties against apple scab if the applications are completed within 72 hours after the onset of infection. Alternatively, FARMAG DIFENOCONAZOLE 250 EC (L9438) plus mancozeb (refer to the FARMAG DIFENOCONAZOLE 250 EC label) may be applied curatively. Curative applications are only recommended when adequate and reliable disease prediction systems are followed. When <b>JOURNEY 500 WG</b> is applied on a 7 day interval schedule for apple scab it will have activity against powdery mildew as well. Where there is evidence of powdery mildew infection over the open cluster to pink period, the application of a registered powdery mildew fungicide with good curative activity is necessary. For the control of Dry eye rot, apply <b>JOURNEY 500 WG</b> during the blossom period only when weather conditions are conducive for disease development. DO NOT apply <b>JOURNEY 500 WG</b> after 90% petal fall.

### High volume

The water volume to be applied per hectare should be calculated according to the Tree Row Volume (TRV) formula:

$$\frac{\ell}{\text{ha}} = \frac{\text{Tree height} \times \text{Tree diameter} \times 937}{\text{Row width}}$$


TRV is the water volume required when the trees are in full leaf. Use this water volume required per hectare to calculate the amount of **JOURNEY 500 WG** required per hectare at various growth stages of a tree during the season.

The following water requirements per hectare are recommended according to the different growth stages of a tree:

Growth Stage	% High volume water requirement/ha
From green tip to ± 30 % blossom	60 %
From ± full blossom to ± middle November	80 %
From ± beginning December	100 %

**Low volume: When JOURNEY 500 WG is applied as a low volume spray ensure the correct amount of product as calculated for high volume is applied per hectare.**

CROP / DISEASE	DOSAGE	REMARKS:
STONE FRUIT (Apricot, Cherries, Nectarines, Peaches, Plums, Prunes)  Blossom blight ( <i>Monilinia spp.</i> )	30 g / 100 ℓ water	Apply first application at early pink stage and repeat at 7 to 10 day intervals with a maximum of 4 applications. The 7 day interval is recommended when conditions are conducive to severe Blossom blight infection and during periods of rapid tree growth. Use alternative suitably registered fungicides for the remainder of the season. DO NOT apply <b>JOURNEY 500 WG</b> to sweet cherries as phytotoxicity may occur. DO NOT apply <b>JOURNEY 500 WG</b> after 90% petal fall.



## WAARSKUWINGS

Laat die volgende aantal dae toe tussen die laaste toediening en oes:

AMANDELS	60 dae
KERNVRUGTE	74 dae
STEENVRUGTE	2 dae

**LET WEL:** Nakoming van hierdie onthoudingsperiodes sal verseker dat die plaaslike Maksimum Residu Limiet nie oorskry word nie, maar mag dalk nie voldoen aan die invoervereistes van ander lande nie. Indien die gewas wat behandel gaan word bestem is vir uitvoer, skakel met die betrokke invoerder of uitvoerliggaam rakende die gebruik van hierdie produk, maksimum residu vereistes en aanbevole onthoudingsperiodes.

- Skadelik indien ingesluk word.
- Giftig vir waterlewendes organismes.
- Berg in 'n koel, droë plek.
- Berg weg van voedsel en voer.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Herbetreding: Moenie behandelde gebiede betree alvorens die spuitneerslag droog is nie tensy beskermde oorklere gedra word.

**Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond, klimaats en bergingstoestande, kwaliteit van die verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die patogene teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei en die omgewing of nadelige invloede op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.**

## VOORSORGMAATREËLS

- Moenie die stof of spuitnewel inasem nie.
- Vermoë velkontak.
- Was met seep en water na gebruik.
- Was besoedelde klere na gebruik.
- Moenie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening van die produk of voordat hande en gesig gewas is nie.
- Vermoë wegdrywing van spuitnewel na ander gewasse, weivelde, riviere, damme en plekke wat nie behandel moet word nie.
- Maak toedieningsapparaat skoon na gebruik. Uitspoelwater moenie gewasse, weivelde, riviere, damme en boorgate besoedel nie.
- Drie maal uitspoel (om te verseker dat houer heeltemal leeg is voordat daarvan onstlae geraak word). Keer die feitlik leë houer om oor die spuit of mengteknik en laat dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloeitot 'n gedrup verminder het. Spoel die houer daarna drie keer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die inhoud van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuitnewel voordat die houer vernietig word.
- Voorkom kontaminasie van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.
- Vernietig leë houer en moet dit vir geen ander doel gebruik nie.

## WEERSTANDBESTUUR

**JOURNEY 500 WG** is 'n groepkode 9 swamdoder. Enige populasie van 'n spesifieke swam mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **JOURNEY 500 WG**, of enige ander groepkode 9 swamdoder het. Indien hierdie swamdoders in herhaaldelike en eksklusiewe programme aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die swampopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende swamme sal waarskynlik nie deur **JOURNEY 500 WG** of enige ander groepkode 9 swamdoder beheer word nie.

### Om weerstand teen swamdoders te vertraag:

- Vermoë die herhaaldelike en eksklusiewe gebruik van swamdoders in dieselfde swamdoder groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengels van produkte in verskillende swamdoder groepkodes.
- Verwys na toepaslike individuele produketikette wanneer daar afgewissel word, of tenkmengels gebruik word, met produkte van ander groepkodes.

- Integreer ander beheermaatreëls (swamdoder chemies, verbouing, biologies) in siektebeheerprogramme.
- 'n Maksimum van vier analienpirmidien (AP) as 'n enkel produk bespuitings, mag per seisoen toegedien word vir die beheer van appelskurf (Venturia inaequalis).
- Kuratiewe bespuitings moet slegs saam met betroubare waarskuwingsisteme teen appelskurf uitgevoer word.
- Die gebruik van **JOURNEY 500 WG** moet toegespits word vroeg in die seisoen met heersende koel temperature, waar die beste resultate verkry word.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

## PRODUKEIENSKAPPE

**JOURNEY 500 WG** is 'n swamdoder met translaminere en sistemiese eienskappe. **JOURNEY 500 WG** translokeer opwaards (akropetaal) met geen afwaardse (basipetale) beweging nie.

## GEBRUIKSAANWYSINGS

**Gebruik slegs soos aangedui.**

## VERENIGBAARHEID

Die verenigbaarheid van **JOURNEY 500 WG** met ander produkte vir gebruik in tenk mengsels, kan beïnvloed word deur die formulase van die betrokke produkte asook deur die kwaliteit van die oplos water. Aangesien die formulase van produkte kan verander sonder die medewete van die registrasie houer, en die kwaliteit van die water ook van plaas tot plaas kan varieer, moet 'n fisiese verenigbaarheidstoets altyd uitgevoer word voordat gespuit word.

Let wel: Moenie **JOURNEY 500 WG** en mankoseb saam in 'n tenkmengsel toedien vir die kuratiewe beheer van appleskurf nie.

## MENGINSTRUKSIES

Indien **JOURNEY 500 WG** in 'n tenkmengsel met ander produkte gebruik word, voeg die produkte by die water in die volgende volgorde: eerste **JOURNEY 500 WG** en dan die ander produkte. Sorg dat al die **JOURNEY 500 WG** ten volle gedispergeer het, voordat die ander produkte bygegooi word. Indien ander produkte in wateroplosbare sakkies verpak is, voeg dan eerste die wateroplosbare sakkies in en dan **JOURNEY 500 WG**.

## Newelblasers en lugdrukondersteuningspuitapparaat

- Vul die spuittenk tot een derde vol water.
- Roer aanhoudend tydens menging en toediening van spuitmengsel.
- Moenie **JOURNEY 500 WG** vooraf as 'n flodder aanmaak nie.
- Verwyder die filter bo-op die spuittenk. Gooi die verlangde hoeveelheid produk direk in die spuittenk in, in die volgorde soos hierbo beskryf.
- Maak die spuittenk vol met water tot by die verlangde volume, en hou aan roer ten alle tye, tydens meng en terwyl bespuiting plaasvind.

## TOEDIENINGSTYD

- Dien **JOURNEY 500 WG** as die eerste komponent in 'n voorkomende spuitprogram toe.
- Begin toedienings met **JOURNEY 500 WG** tydens groenpunt stadium en dien elke 7 dae toe tot aan die einde van die blomperiode.
- Gaan voort met voorkomende bespuitings na blom met alternatiewe swamdoders soos mankoseb of kaptab (residuele kontak).
- Wanneer gebruik gemaak word van kontakswamdoders mag dit voordelig wees om 'n geskikte DMI (EBI) swamdoder toe te dien na 'n infeksieperiode soos aanbeveel.



## TOEDIENINGS HOEVEELHEDE

GEWAS / SIEKTE	DOSIS	OPMERKINGS:
<b>AMANDELS</b> <b>Bruinvrot</b> <b>Bloeielskroei siekte</b> <i>(Monilinia spp.)</i>  <b>Onderdrukking:</b> Groen vrugvrot <i>(Botrytis cinerea)</i>	350 - 700 g/ha	Dien <b>JOURNEY 500 WG</b> toe met 5 tot 10 % blom. Addisionele toedienings by 50 tot 100% blom en blomval mag nodig wees. Vir groen vrugvrot onderdrukking, dien <b>JOURNEY 500 WG</b> toe met volblom-stadium. Onderdrukking van amandelsiektes verwys na wisselvallige beheer. Vir breëspektrum siektebeheer in tenkmenstels, dien <b>JOURNEY 500 WG</b> toe teen 'n minimum dosis van 370 ml/ha in tenkmenstels met ander swamdoders wat geregistreer is vir gebruik op amandels. Grond of lugbespuiting mag gedoen word. 'n Voldoende watervolume wat goeie bedekking sal verseker is noodsaaklik vir goeie siektebeheer. MOENIE meer as twee lugbespuitings doen nie. MOENIE meer as 2100 g/ha per plot of land per jaar spuit nie.
<b>KERNVRUGTE</b>  <b>Skurf siekte</b> <i>(Venturia inaequalis)</i>  <b>Poeieragtige skimmel</b> <i>(Podosphaera leucotricha)</i>  <b>Droë Oogvrot</b> <i>(Botrytis spp.)</i>	30 g / 100 ℓ water	Dien toe vanaf groenpuntstadium met intervalle van 7 dae tot aan die einde van die blomperiode. Moenie na blom toedien nie. Kuratiewe beheer van skurfsiekte: (Sien verenigbaarheid). <b>JOURNEY 500 WG</b> beskik oor uitstekende kuratiewe eienskappe teen appelskurf as die toediening voltooi word binne 72 uur na die aanvang van die infeksie. <b>Alternatiewelik</b> kan FARMAG DIFENCONAZOLE 250 EC (L9438) plus mankoseb (Raadpleeg die FARMAG DIFENCONAZOLE 250 EC etiket) kuratief gebruik word. Kuratiewe toedienings word slegs aanbeveel wanneer voldoende en betroubare siektevoorspellingsisteme gevolg word. Indien <b>JOURNEY 500 WG</b> op 7 dag tussenposes toegedien word vir die beheer van appelskurfsiekte, sal <b>JOURNEY 500 WG</b> ook aktiwiteit teen poeieragtige meeldou toon. Waar daar bewyse is van poeieragtige meeldou infeksie oor die oop "cluster" tot pienk stadium, sal bespuiting met 'n goeie, kuratiewe swamdoder wat goedgekeur is vir die beheer van poeieragtige meeldou, benodig word. Vir die beheer van droë oogvrot, dien <b>JOURNEY 500 WG</b> toe gedurende die bloeiselperiode, maar slegs wanneer omgewingstoestande gunstig is vir siekteontwikkeling. MOENIE <b>JOURNEY 500 WG</b> toedien na 90 % blomval nie.

### Hoë Volume

Die watervolume wat per hektaar toegedien word, moet volgens die Boomryvolume (BRV) formule bereken word:

$$\ell/\text{ha} = \text{Boomhoogte} \times \text{Boomdeursnee} \times 937$$

Rywydte


BRV is die watervolume wat benodig word wanneer die bome in volle blad is. Gebruik hierdie watervolume per hektaar om die hoeveelheid **JOURNEY 500 WG** te bereken wat per hektaar by verskillende groeistadia van die boom gedurende die seisoen.

Watervolumes per hektaar soos aanbeveel vir die verskillende groeistadia van 'n boom:

Groeistadium	% Hoë volume waterbehoefte/ha
Vanaf groenpunt tot ± 30 % blom	60 %
Vanaf ± volblom tot ± middel November	80 %
Vanaf ± begin Desember	100 %

**Lae volume: Wanneer JOURNEY 500 WG as as n lae volume bespuiting toegedien word, moet seker gemaak word dat die regte hoeveelheid produk, soos bereken deur die hoë volume behoefte, per hektaar toegedien word.**

GEWAS / SIEKTE	DOSIS	OPMERKINGS:
<b>STEENVRUGTE</b> (Appelkose, Kersies, Nektarien, Perskes, Pruime, Pruimedante)  Bloeiselskroesiekte ( <i>Monilinia spp.</i> )	30 g / 100 ℓ water	Doen die eerste bespuiting met vroeë pienk stadium en herhaal met 7 tot 10 dag intervalle, met 'n maksimum van 4 toedienings. Die 7 dag intervalle word aanbeveel wanneer toestande gunstig is vir ernstige bloeiselskroei infeksie en gedurende periodes van vinnige boomgroei. Gebruik alternatiewe swamdoders vir die res van die seisoen. MOENIE <b>JOURNEY 500 WG</b> toedien op soetkersies nie, aangesien fitotoksiese simptome mag voorkom. MOENIE na 90 % bloeiselval toedien nie.





# JOURNEY 500 WG

Reg. No.: L 10869 Act /Wet No. 36 of/van 1947

A water dispersible granular fungicide for control of fungal diseases in crops as indicated.

in Waterdispergeerbare korrel swamdoder vir die beheer van swamsiektes in gewasse soos aangedui.

<b>FUNGICIDE GROUP CODE:</b>	<b>9</b>	<b>SWAMDODERGROEPKODE:</b>
------------------------------	----------	----------------------------

## ACTIVE INGREDIENT/AKTIEWE BESTANDDEEL:

cyprodinil (analinopyrimidine).....500 g/kg.....siprodinil (analiënpirimidien)

Manufacture Date:  
Vervaardigingsdatum:

Batch No.:  
Lotnommer:

**CONTENTS/ INHOUD**

**SEE ENCLOSED LEAFLET FOR FULL PARTICULARS  
SIEN INGESLOTE VOUBILJET VIR VOLLE BESONDERHEDE**

**REGISTRATION HOLDER/REGISTRASIEHOUER:**

**Farm-Ag International (Pty) Ltd**

Reg. No.: 2005/011761/07

61 Marshall Drive, Old Mill Industrial Park, Mount Edgecombe, South Africa, 4000 • Tel. (031) 003-3486

UN No.: 3077

				<b>CAUTION VERSIGTIG</b>					
--	--	--	--	------------------------------	--	--	--	--	--